



BEHEERLIGGAAM

17 September 2026

Beste Ouers en Voogde

BEGROTING VIR 2027: OORSIG

Ons wil graag 'n oorsig van ons voorgestelde begroting vir 2027 met u deel. Soos altyd is ons fokus op die handhawing van finansiële stabiliteit terwyl ons die beste moontlike onderwys en geleenthede vir ons leerders verseker.

Hierby aangeheg vind asseblief ook die voorgestelde fooie vir 2027 sowel as 'n opsomming van die begroting vir 2027.

INKOMSTE

- Skoolgeld bly ons hoofbron van inkomste en dra R37 588 000 (85.05% van die totale inkomste) by.
- Subsidie vanaf die staat (GDE: Gauteng Departement van Onderwys) beloop R363 825 (0.82% van totale inkomste) (2024: R1 130 000 = 2.84%), verminder met -R766 175 (-67.80%).
- Bykomende inkomste kom uit rente verdien, die verhuur van skoolfasiliteite en advertensies.

Totale verwagte inkomste vir 2027: R44 193 310

UITGAWES

- Salarisse en personeelverwante koste: R25 508 040 (57.72% van totale uitgawes)
- Instandhouding van geboue en terrein: R3 291 500
- Opvoedkundige hulpmiddels en leerhulpbronne: R2 611 500
- Sport: R2 497 250
- Munisipale koste: R2 168 400
- Kultuur- en leerderaktiwiteite: R1 023 000
- Sekuriteit en versekering: R932 000 gekombineerd
- IT, administrasie en ander skoolbedrywigheede maak die res uit.

Totale verwagte uitgawes vir 2027: R42 951 310

SURPLUS EN RESERWES

- Na uitgawes verwag ons 'n bedryfsoorskot van R1 242 000.
- Die bedryfssurplus van R1 242 000 word toegewys aan kapitaalprojekte.
- Die begroting is gebalanseerd, met geen verwagte surplus of tekort vir 2027 nie.

KERNNOTAS

- Skoolgeld speel steeds 'n belangrike rol in die handhawing van gehalte-onderwys.
- Salarisse bly ons grootste uitgawe, om te verseker dat ons uitstekende onderwysers behou en ondersteun.
- 'n Beduidende belegging word beplan vir akademiese hulpbronne, sport, kulturele aktiwiteite, sekuriteit en fasiliteite.
- Ons bedank u vir u volgehoue ondersteuning en toewyding aan Laerskool Tygerpoort. Saam verseker ons dat ons leerders die beste onderwys en geleenthede moontlik kry.

Mnr. L.D. Reinach
Beheerliggaam: Tesourier

Mnr. I.C. Schutte
Beheerliggaam: Voorsitter